

## Graan SA Oggend Markkommantaar

GRAAN SA	DATUM	DATUM				+ - WEEK GELEDE			+ - MAAND GELEDE			+ - JAAR GELEDE		
	2016/02/12	2016/02/11				2016/02/02			2016/01/12			2015/02/10		
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data		
DJIA-index	15660	-254.56	↓	-1.6%	15915	↓	-3.1%	16154	↓	-5.2%	16516	↓	-12.4%	17869
Goud (Spot)	1234.35	26.43	↑	2.2%	1207.92	↑	9.5%	1127.14	↑	13.9%	1083.82	↓	-0.3%	1237.75
Brent \$/vat	31.72	1.06	↑	3.5%	30.66	↓	-2.4%	32.51	↑	1.9%	31.14	↓	-45.0%	57.68
1 €: ? US\$	1.1293	-0.003	↓	-0.3%	1.1322	↑	3.5%	1.0912	↑	4.3%	1.0828	↓	-0.2%	1.1315
1 US\$: ? ZAR	15.90	-0.044	↓	-0.3%	15.94	↓	-2.5%	16.30	↓	-3.8%	16.52	↑	36.1%	11.68
Corn	R 2,254.32	-5	↓	-0.2%	R 2,258.95	↑	*CBOT Corn Mar cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Corn Mar 12:00 the previous day							
Wheat	R 2,682.27	-31	↓	-1.1%	R 2,713.07	↑	*CBOT Wheat Mar cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Mar 12:00 the previous day							
Soybeans	R 5,109.01	53	↑	1.1%	R 5,055.71	↓	*CBOT Soybean Mar cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soybean Mar 12:00 the previous							
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)														
Corn Mar 16	360.25	0.25	↑	0.1%	360.00	↓	-3.3%	372.50	↑	1.0%	356.75	↓	-15.6%	426.75
Wheat Mar 16	459.25	-4.00	↓	-0.9%	463.25	↓	-3.4%	475.25	↓	-4.6%	481.25	↓	-17.3%	555.50
Soybeans Mar 16	874.75	11.50	↑	1.3%	863.25	↓	-1.3%	886.25	↑	0.0%	874.50	↓	-9.3%	964.75
Latest MTM prices (Recorded between 07:00 am - 08:00 am on the last two dates) SPOT = nearest contract month (Rands / tonne)														
SORGHUM Mar 16	4080.00	0.00	↑	0.0%	4080.00	↑	6.0%	3850	↑	16.9%	3491	↑	83.0%	2230
WMAZ Jan 16	5019.00	-1.00	↓	0.0%	5020.00	↑	0.1%	5014	↑	3.5%	4848	↑	102.0%	2485
WMAZ Jul 16	4885.00	5.00	↑	0.1%	4880.00	↑	0.4%	4865	↑	6.6%	4581	↑	99.4%	2450
YMAZ Jan 16	3870.00	-40.00	↓	-1.0%	3910.00	↑	0.1%	3868	↑	4.1%	3717	↑	69.4%	2284
YMAZ Jul 16	3495.00	-17.00	↓	-0.5%	3512.00	↓	-2.5%	3583	↓	-1.3%	3540	↑	53.6%	2275
SOY Jan 16	6900.00	50.00	↑	0.7%	6850.00	↑	1.1%	6825			NA	↑	32.2%	5220
SOY Mar 16	6860.00	40.00	↑	0.6%	6820.00	↑	0.9%	6801	↑	1.0%	6790	↑	33.0%	5158
SUN Jan 16	8106.00	6.00	↑	0.1%	8100.00	↑	4.6%	7750	↑	12.1%	7228	↑	58.8%	5103
SUN Mar 16	8038.00	88.00	↑	1.1%	7950.00	↑	4.4%	7700	↑	12.1%	7270	↑	58.1%	5085
WHEAT Jan 16	4629.00	56.00	↑	1.2%	4573.00	↓	-2.8%	4763	↑	10.6%	5051	↑	20.2%	3850
WHEAT Mar 16	4657.00	37.00	↑	0.8%	4620.00	↓	-3.2%	4813	↓	-9.0%	5118	↑	20.0%	3880

### NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

**Eksterne markfaktore:** Dit was 'n volatiele week in die Suid-Afrikaanse graan- en oliesade mark, want onsekerheid oor die weerstoestande dryf steeds die mark, veral somergewasse. Mieliepryse was hierdie week onder druk as gevolg van winsneming en voorspelde reën oor die somergewas gebiede. Sonneblomsaadpryse kry ondersteuning van laer plaaslike voorrade. Koringpryse was grootliks gedryf deur eksterne faktore en was meestal onder druk as gevolg van groot internasionale voorrade. **Weer:** Vanoggend se weervoorspellings toon tekens van moontlike reën oor die volgende 8-dae. Besoek die skakel vir volledige reënvalvoorsigte: (<http://www.wxmaps.org/pix/prec10.html>). **Wisselkoers:** Die rand het vanoggend met 0.3% teenoor die VSA dollar versterk, teenoor gister-middag se vlakke. Die rand verhandel tans rondom R15.90. 'n Sterker rand bied nie ondersteuning vir plaaslike graan- en oliesade pryse nie.

**Mielies: Plaaslike perspektief** - Tydens gister se verhandeling het mieliepryse laer gesluit. Dit was egter met die uitsondering van die witmielie Julie 2016 prys wat R5/ton hoër was en gesluit het op R4885/ton. Die witmielie kontantmarkprys was met R1/ton laer en het op R5019/ton gesluit. Die geelmielie naaste kontrak maand prys en Julie 2016 prys was onderskeidelik met R40/ton en R17/ton laer en het op R3870/ton en R3495/ton gesluit.

**Internasionale perspektief** - Die Chicago mieliepryse was vanoggend effens hoër as die vlakke tydens gister se verhandeling, na onlangse verkope van 243 000 ton VSA mielies aan 'n onbekende bestemming. Daar is oor die algemeen 'n afwaartse sentiment in die wêreld mielieemark as gevolg van groot voorrade. Die weeklikse verkope is vër onder die markverwagting, en word op 405 000 ton berig in vergelyking met die verwagting van 800 000-1.1 miljoen ton. In Suid-Amerika, verweg Argentinië gunstige reën oor die somergewas produiserende gebiede oor die volgende 7-10 dae.

**Slotsom:** Die weer is steeds 'n belangrike faktor in die Suid-Afrikaanse mielieemark. Oor die kort termyn, kan die voorspelde reën effense afwaartse druk op plaaslike mieliepryse plaas.

**Koring: Plaaslike perspektief** - Gister se plaaslike koringpryse het hoër gesluit, as gevolg van hoër pariteitspryse. Die Februarie 2016 en Maart 2016 prys was met R56/ton en R37/ton hoër, en het op R4629/ton en R4657/ton, onderskeidelik gesluit. **Internasionale perspektief** - Internasionale koringpryse was vanoggend laer as gevolg van groot wêreld voorrade. Die VSA weeklikse koring uitvoer is op 263 300 ton gerapporteer, wat in lyn is met markverwagtinge. In die Swart See, gaan bespiegelings voort oor Rusland se intensies om hul koring uitvoerbelasting te verhoog, ten einde hul plaaslike prysstygings te verlaag.

**Slotsom:** Groot wêreldvoorrade sal steeds druk op wêreld koringpryse plaas. Die Februarie 2016 pariteitspryse was vanoggend laer wat oor die kort termyn afwaartse druk op plaaslike koringpryse kan plaas.

Plaaslike Markinsigte & Data: [RSA Grain Trade Data: 16/02/2016](#)

Internasionale Markinsigte & Data: [US Grain Weekly Export Sales Data: 19/02/2016](#)

Vir enige navrae, kontak asb vir : Wandile Sihlobo, E-pos: [wandile.sihlobo@grainsa.co.za](mailto:wandile.sihlobo@grainsa.co.za)